waar die KRANSE antwoord gee

JOERNALIS: Helen Ueckermann
FOTO'S: Helen Ueckermann, Wim Wybenga, Ilse Salzwedel.

Die Drakensberge se Champagne Valley is die ideale langnaweekbestemming – daar is adrenalien-avonture, asemrowende natuurskoon en interessante toeristeplekkies. Daarby is dit ook nie ver van die ATKV-Drakensville nie.

Sowat vier uur se ry van Johannesburg af lê Champagne Valley in die sentrale deel van die Drakensberge, ideaal vir 'n wegbreekkans vir die hele gesin. Wie het gesê die Drakensberge is net geskik vir rus en niksdoen? As jy op soek is na aksie vir ma, pa en kroos teen sakpaspryse, ry sommer al Donderdag sodat jy jou langnaweek kan volpak voor jy teen Sondagmiddag moet terug huis toe.

Só het ek en 'n vriendin op een Donderdagoggend die pad gevat Berg toe om te gaan uitspan en avontuurlik te raak. Ons bestemming is die River Crossing-gastehuis vanwaar ons gashere Ernest en Michelle Adams reeds gebel het om te hoor waarom ons dan so lank vat om daar uit te kom …

Makiti-restaurant en -gastehuis

Op die N3, net buite Vrede en tussen Villiers en Warden, staan die Makiti-restaurant en -gastehuis. As jy van Johannesburg af ry, is jy nou so halfpad op pad Champagne Valley toe … net die regte tyd om gou bene te strek en dalk 'n laat ontbyt in te pas. Die gesellige restaurant se pryse is baie redelik, en as jy nie omgee om heerlik te eet terwyl 'n luierige plaashond en drie kloekende hoenders jou geselskap hou nie, is jy op die regte plek.

Voor julle eet, gaan stap 'n draai in die groot tuin en geniet die humor van 'n muur vol kruiwaens, koeldrankblikkiegordyne en die ou plaasimplemente wat oral rondstaan.
Voor jy dink daar is by Vrede niks meer as windverwaaide koppies nie, help die gasheer, Philip de Kock, ook die sekretaris van die Grasslands Meander, jou vinnig reg: As jy wil besig bly vir 'n naweek hoef jy eintlik nie 'n enkele meter verder te ry nie. Op die Grasslands Meander kan jy leeuplase besoek, spooktoere onderneem, antieke rotskuns bewonder, op 'n bergfiets ry, historiese geboue bewonder en nog vele meer. Makiti het ook 'n kunsgalery met werke van plaaslike kunstenaars, en het slaapplek vir ses gaste, met nog 32 slaapplekke beskikbaar op plase in die omgewing.
As jy Sondag nie te laat uit die Berg vertrek nie, kan jy teen twaalfuur weer hier aandoen vir 'n heerlike driegang-boerekosete teen 'n baie billike R55 per kop.

River Crossing B&B

Die River Crossing B&B is geleë langs die D53 in Champagne Valley. Die keurige blyplek het vier jaar gelede sy deure geopen toe dr. Ernest en Michelle Adams besluit het om hul bedrywige loopbane in die bankwese prys te gee en die rustigheid van die Drakensberge te kom opsoek.

Elke huis, of villa, soos Ernest en Michelle graag daarna verwys, het 'n asemrowende uitsig op Cathkin Peak en Champagne Castle. Ontbyt (vrugteslaai, jogurt, graankosse, geposjeerde eiers op roosterbrood, souttert, varkworsies en spek saam met tee of koffie) word voorgesit in die lapa langs die swembad vanwaar 'n mens 'n onbeperkte uitsig op die Berg het.

Die eiendom word begrens deur die Mtoti- en Sterkspruitrivier en wild word gereeld aangetref, onder meer klein rietbokkies, jakkalsies, sekretarisvoëls en arende.

Die gastehuis, wat plek het vir 20 mense wat kamers deel, het 'n internasionaal erkende Superior-AA-gradering en is die ideale wegspringplek om die omgewing te gaan verken.

Thokozisa-sentrum

Dié heerlike sentrum het winkels te kus en te keur, van aandenkings tot leerprodukte is daar te kry, terwyl jy by die Thokosiza-restaurant kan aandoen vir 'n middag- of aandete.

Ons het die restaurant in die aand besoek en gesmul aan Marokkaanse lamsvleis met kekerertjies en geroosterde pampoen, voorgesit in 'n tortilla met tuisgemaakte tzatziki en 'n veselperske-

Scrumpy Jacks langs die R600 is 'n lekker bestemming vir gesinne met jong kinders. Die jongspan kan op ponies ry terwyl pa en ma 'n koppie koffie geniet en daarna kan die hele gesin gaan kyk hoe lyk die binnekant van 'n byekorf!

salsa. Die spyskaart bied 'n wye verskeidenheid met pryse wat wissel van R38 vir voorgeregte tot R150 vir 'n garnaalgereg genaamd *Deck of Prawns*. Die sentrum het ook 'n restaurant met 'n sportkroeg en 'n inligtingsentrum waar jy alles kan uitvind oor bedrywighede in die omgewing.

Drakensberg Canopy Tour

Asemrowende natuurtonele, blitsvinnige uitasem-aksie tussen die rotswande van 'n diep, beboste kloof – geen mense met hoogtevrees nie asseblief! Ry op die R600 deur Champagne Valley en volg die aanwysings na die Drakensberg Sun-hotel. Net voor jy by die hotel kom, aan jou regterkant, kry jy die *canope tour*-mense.

Die Drakensberg Canopy Tour het sy deure in November verlede jaar geopen en bied dus splinternuwe, veilige avontuur van twee tot drie ure lank vir die hele gesin. Maak jou tuis in 'n harnas, groot leerhandskoene en 'n beskermende helm en jy is reg om die wêreld uit 'n heel ander hoek te beskou. Rits twaalf keer tussen boomtoppe aan 'n staalkabel oor die kloof. By elke houtplatform word jy deur ervare gidse gehelp om dadelik op jou volgende kabelritsavontuur te vertrek.

Die koste beloop R450 per persoon en sluit alle toerusting, gidse, vervoer na en van die kloof, verversings en 'n ligte ete in.

Vierwiel-opwinding

As jy nog nie lus is om stil te sit en die bergspitse te bewonder nie, maak 'n draai by Four Rivers Rafting & Adventures, ook langs die R600 geleë. Hier is daar opwinding en buitelugpret teen baie redelike pryse. Ry vierwielmotorfietse (R60 vir kinders, R115 vir volwassenes), skiet teiken met 'n pyl en boog (R60), laat jouself geld met bergbordry (*mountain boarding*, R90), toon jou staal op die water met witwaterroei en om mee af te sluit, laat waai met 'n lekker *foefieslide* van 300 meter lank (R50).

Scrumpy Jacks en die Valley Bakery

Scrumpy Jacks langs die R600 is 'n lekker bestemming vir gesinne met jong kinders. Die jongspan kan op ponies ry terwyl pa en ma 'n koppie koffie geniet en daarna kan die hele gesin gaan kyk hoe lyk die binnekant van 'n byekorf! Die Valley Bakery het 'n heerlike, rustige tuin onder groot bome en 'n kunsgalery.

Falcon Ridge Bird of Prey Centre

Geen bergreeks is sy sout werd sonder sy roofvoëls nie. By die Falcon Ridge Bird of Prey Centre kan die hele gesin gaan kyk hoe 'n manjifieke witkruisarend oor die vallei vlieg en van 'n ongelooflike hoogte af handgebaarbevele van moeder aarde af gehoorsaam. Luister na staaltjies oor hoe 'n witkruisarend 'n dassie van agt kilometer ver af kan gewaar, hoe blind 'n uil in werklikheid op kort afstand is en waarom dié geheimsinnige voël met die dood verbind word. 'n Verskeidenheid roofvoëls kan in hulle hokke bekyk word.

Die koste is R40 per volwassene en R15 vir kinders onder 12. Daar is elke oggend, behalwe Vrydae, om 10:30 'n vertoning as die weer dit toelaat. Onthou om jou hoed en sonbrandmiddel saam te bring.

KwaZulu Weavers

Op die R600 net buite Winterton is 'n pragtige verskeidenheid handgeweefde matte in alle kleure en groottes by KwaZulu Weavers te koop. Die matte en ander artikels word op die perseel gemaak. As jy mooi vra, gee die vriendelike personeel nie om om jou op 'n kort besigtigingstoer deur die weefvertrekke te neem waar Zoeloevroue hulle eeue oue kuns van wolspin en weef beoefen nie.

Maak jou tuis in 'n harnas, groot leerhandskoene en 'n beskermende helm en jy is reg om die wêreld uit 'n heel ander hoek te beskou.

KONTAKBESONDERHEDE

- **Four Rivers Adventures: www.fourriversadventures.co.za, tel. 036 468 1693**
- **Makiti-restaurant en- gastehuis: tel. 058 913 2065**
- **Drakensberg Canopy Tour: www.drakensbergcanopytour.co.za, tel. 036 468 1981**
- **Falcon Ridge Bird of Prey Centre: tel. 082 774 6398**
- **River Crossing B&B: tel. 082 495 0912**